

## **Sing vooraf staande:** Skrifberyming 4-8:1, 2 (5:1, 2)

- |   |  |
|---|--|
| 1 Die Woord het vlees geword<br>en onder ons gewoon.<br>Ons het sy heerlijkheid aanskou,<br>die van Gods eenige Soon; | 2 die heerlijkheid van Hom<br>wat van die Vader kom,<br>wat vol genade en derenis<br>en vol van waarheid is. |
|---|--|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 45:1, 10 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,  
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.

Gebed

Psalm 2:1, 6 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrottes raadslaag vir die stryd,  
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"
- 6 Kom, dien die Heer en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die Heer,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul Heer, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

**Skriflesing:** Eksodus 20:1-17; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 10 en 19

**Kernvers:** Eksodus 20:4-6

**Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my geboorte onderhou.**

(Eksodus 20:4-6 AFR1953)

**Nederlandse Geloofsbelydenis**

**Artikel 10 Die Godheid van Jesus Christus**

*Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlijkheid (Heb 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Fil 2:6). Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word. Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Gen 1:1 en Joh 1:3). Die apostels sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Heb 1:2 en Kol 1:16). So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En*

daarom sê die profeet Miga: “Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid” (Miga 5:1), en sê die apostel: “Hy is sonder begin van dae of lewenseinde” (Heb 7:3). Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

Joh 1:14, 18, 24, 49; Kol 1:15; Heb 1:3; Matt 3:17; 17:5; Joh 8:24; 10:30; 9:36; Hand 8:34; Jes 7:14; Rom 9:5; 1 Tess 3:11; Fil 2:11; 2 Kor 5:19; Hand 20; Efes 3:9; Rom 14; Tit 2; 1 Kor 8:6; Heb 1:1; 3:4; Joh 1:3; 1 Joh 5; Joh 7, 14, 20; Open 1-6; Joh 8:58; 17:5; 1 Kor 10:9; Gal 4:4; Miga 5:2; Kol 1:15; Ps 2:7, 12; Heb 13:8.

### **Artikel 19 Die twee nature van Christus**

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is. Ons glo dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nog sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb 7:3) en hemel en aarde vervul, sô het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie. Die menslike natuur het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is sô saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie. Die Godheid was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Matt 28:20; Joh 10:13; Efes 4:8, 12; Heb 7:3; Matt 26:11; Hand 1:11; 3:21; Luk 24:39; Joh 20:25; Hand 1:3; Matt 27:50.

**Tema:** Christus kan nie en mag nie afgebeeld word nie!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, kort-kort word ons gelowiges gekonfronteer met afbeeldings van Jesus Christus. Daar word fliëks gemaak waarin Hy afgebeeld word. In die Roomse Kerke hang daar van die vroegste tye af menslike figure aan kruise as afbeeldings van Jesus. Die baie bekende prent van die smal en die breë weg het ook afbeelding van 'n menslike figuur aan 'n kruis wat Jesus voorstel. Soms kry julle kinders in die skool met sulke dinge te doen. Juffrou vra jou om 'n prentjie te teken van Jesus aan die kruis of Jesus as Babatjie in die krip.

Verlede Sondagaand het ons gehoor dat die Here nie wil hê dat ons 'n beeld van enige aard van Hom mag maak nie. Niemand het God nog ooit gesien nie en buitendien is God Gees. Vanaand wil ons graag ongehinderd luister na die verkondiging van God se Woord. En in die lig van God se Woord wil ons 'n antwoord kry op die vraag of dit reg is om 'n fliëk van Jesus Christus se lewe op aarde te maak of enige ander afbeeldings van Hom te maak. Daar is dan kerke en predikante wat sulke fliëks, soos die Jesus-film, groot lof toeswaai en vertel hoe 'n wonderlike hulpmiddel dit by evangelisasie is. Ons wil weet of die tweede gebod ook van toepassing is op afbeeldings van Jesus.

Broers, susters en kinders, alvorens ons 'n beoordeling oor die reg of verkeerd van 'n fliëk oor Jesus Christus kan uitspreek, moet ons eers hoor wat die Here in die tweede gebod verbied. In die tweede gebod beveel die Here ons dat ons nie 'n beeld of 'n afbeelding vir ons mag maak van dit wat in die hemel, op die aarde en onder die aarde is nie. Ons mag sulke beelde nie vereer of dien nie.

In die tyd toe God hierdie gebod van Hom vir die eerste keer aan sy volk afgekondig het, is daar onder *beeld* enige beeld verstaan wat uit klip of hout gemaak is. Onder die heidense volke was dit immers gebruik om uit hout 'n beeld van hulle afgod te maak om op so 'n manier hulle god naby hulle te hê. Wie egter uit die tweede gebod net sulke beelde wat van hout of klip gemaak is, wil verstaan, sien net 'n deel van die Here se bevel raak en wil die trefkrag van God se Woord tot die ou tyd beperk. Die Here verbied ons om 'n beeld of enige afbeelding te maak. En met afbeelding verwys die Here na enige afbeelding ongeag in watter vorm dit ook al mag wees. Daarom slaan die trefkrag van die tweede gebod ook die maak van prente en fliëks van God in die een en twintigste eeu raak.

Verder sê die Here uitdruklik dat daar geen beeld of afbeelding van enige skepsel in die hemel of op die aarde of in die water onder die aarde gemaak mag word om God konkreet voor te stel nie. En dan voeg die Here by: **want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God.** Met hierdie woorde verwys die Here na sy verbondsverhouding met sy volk. God sê sy verhouding met sy volk is soos die verhouding tussen man en vrou in die huwelik: God is die man en sy volk is sy vrou.

As die Here sê dat Hy 'n jaloerse God is, moet ons nie verstaan dat God kleinlik, haatlik en menslik jaloers is, soos wat 'n man of vrou soms in die huwelik kan wees, nie. As God jaloers is, hou dit verband met sy toorn wat in werklikheid gekrenkte liefde is. God is liefde, maar Hy is ook 'n verterende vuur. God se liefde en sy toorn is twee kante van dieselfde munt. Daarom kan 'n mens die woorde 'n *jaloerse God* ook so verstaan: God laat Hom geld wanneer sy liefde vertrap en sy gebooië nie gehoorsaam word nie. Die Here wil hê dat ons Hom alleen sal gehoorsaam wanneer Hy ons in die tweede gebod uitdruklik verbied om beelde of enige afbeeldings van Hom te maak.

Geliefdes, nou kan daar gevra word: Hoekom mag God nie afgebeeld word nie? Vir ons gelowiges is dit maklik om te antwoord: Want God sê so en klaar. Maar vir die ongelowiges en vir hulle wat aanhoudend neig om die grens van die tweede gebod wat die Here in liefde neergelê het te probeer verskuif, is so 'n antwoord nie genoeg nie. Daarom moet ons verder gaan.

Ons Here is die enigste God. Buiten Hom is daar niemand anders nie. Hy is uniek, want Hy is die enigste, lewende God. Daarom mag Hy ook nie gelykgestel word met enige versinsels van die mens se sondige verstand nie. As daar 'n beeld van Hom gemaak word, sal die heidene dink dat God maar net soos hulle afgode is. Maar God het nie 'n beeld nodig om naby sy volk te wees of om Hom te verteenwoordig nie. God het die mens na sy beeld geskape om sy verteenwoordiger te wees. God is altyd naby sy volk en naby elke kind van Hom. Hy is immers alomteenwoordig en Hy belowe om by sy kinders te wees. As die Here so sê, kan ons Hom maar op sy woord neem. Hy is en bly getrou aan Homself.

En as God wil hê dat mense Hom moet leer ken, doen Hy dit deur sy Woord. Hy praat met mense en werk met mense. En omdat Hy weet dat ons stompsinnig en hardhorend is, laat Hy sy Woord vlees word. Deur Jesus Christus spreek Hy die duidelikste en helderste met ons. Net God alleen kon sy Seun mens laat word. Net die Seun van God wat self God is, kon Homself so verneder om die gestalte van 'n mens aan te neem, sodat daar versoening tussen God en mense kon kom. As God wil hê dat mense Hom moet sien, stuur Hy sy Seun wat die beeld van God is, van God wat self nie gesien kan word nie. Daarom kon Jesus ook vir Filippus daardie nag voor die kruisiging sê: **Wie My sien, sien die Vader.**

In die besonder sal die maak van 'n beeld van God 'n skending wees van sy Goddelikheid. God is groot en almagtig, ver verhewe bo die mens en die menslike verstand. God is ondeurgrondelik. Ons kan nie met ons sondige verstandjies God bekyk en bewonder soos wat ons met enige ander voorwerp op aarde kan maak nie. Wie egter van God 'n beeld wil maak, sal nie meer kan bely dat God ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, nie. Hoe maak 'n mens 'n beeld of 'n

afbeelding wat al hierdie eienskappe kan vertoon? 'n Mens kan nie. En enigeen wat God in 'n beeld probeer vasvang of weergee, beledig Hom en spot met Hom.

Niemand weet eers hoe God lyk nie, want geen mens kon nog sy blik op God lê nie. Daarom sal enige beeld of afbeelding van God 'n gruwelike belediging van God wees. En buitendien is God Gees. Dit beteken nie dat God vormloos is nie, maar ons moet eerder daaraan dink dat God nie 'n liggaam het soos 'n mens nie.

Verder, broers, susters en kinders, misken die mens wat 'n beeld van God maak die vryheid van God. Met 'n beeld wil die maker van die beeld juis vir God inperk en wil hy beskikkingsreg oor God hê. Maar God is alomteenwoordig. Hy kan nie ingeperk word nie. Salomo bely immers in sy gebed by die ingebruikneming van die tempel: **Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!** Kom u agter hoe vermetel die mens werklik is wat 'n beeld of enige afbeelding van God probeer maak.

Daarby moet ons ook nog onthou dat God 'n intieme en persoonlike verhouding met sy volk onderhou. Hy sluit 'n verbond met hulle waarin Hy sy liefde aan hulle verklaar en bewys. Hy wil nie deur middel van 'n beeld indirek by sy mense betrokke wees nie, maar direk en persoonlik. Die gevaar van 'n beeld is dat die mens kan redeneer dat as die beeld nie daar is nie, is God ook nie meer betrokke by die mens nie en kan die mens ook nie God se liefde ontvang nie. En natuurlik, die uiteindelijke gevaar van 'n beeld is die feit dat die deur oopgemaak word vir afgodery, al wil die makers van beelde sê dat dit nie die geval is nie. Dit is soos iemand wat aan dwelmmiddels verslaaf raak. Eers gebruik die mens net dagga, want dit is mos nou kamtig so onskuldig. Maar daar is bewyse sonder tal dat hulle wat eers met dagga begin nie kan ophou nie en maklik verval in gevaarliker dwelmmisbruik. Wie 'n beeld van God wil maak, begin in die spore van afgodsdienaars trap.

Party mense sal nou wil beweer dat alles wat tot dusver gesê is niks met die fliëks van Jesus Christus te doen het nie. Wie dit egter beweer, moet weet dat hulle op die punt staan om Jesus Christus, soos wat Hy Homself aan ons in die Bybel openbaar, te verloën. Geliefdes, ons bely Sondag na Sondag dat Jesus Christus inderdaad die Seun van God is. Hy is uit God gebore en nie gemaak nie. Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, een in wese met die Vader.

Hierdie woorde suig ons nie uit ons duim nie. Ons bely dit op grond van die Here se eie Woord. Wanneer ons bely, sê ons die Here se Woord net agterna. Ons sê niks meer of niks minder nie. As ons dan bely dat Jesus Christus **een in wese met die Vader is, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlijkheid en in alles aan die Vader gelyk**, erken ons: **Jesus Christus is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.** Vir ons gelowiges is dit immers 'n groot troos om te weet dat Jesus Christus inderdaad God is, want daardeur word ons verseker dat die verlossing wat Hy vir ons bewerk eg en waar is. Sy sterwe aan die kruis, sy opstanding uit die dood en sy hemelvaart is die vervulling van God se heel eerste belofte aan die mens: **die nageslag van die vrou sal die slang se kop vermorsel.** Jesus kon die slang se kop vermorsel omdat Hy God is.

Alles wat die Here ons God in die tweede gebod beveel en eis, het dus nie net op ons hemelse Vader betrekking nie, maar ook op Jesus Christus. Ons mag geen beeld of enige afbeelding van Jesus Christus maak nie, want Hy is 'n jaloerse God. Hy en sy Vader is een. Die trefkrag van die tweede gebod het dan ook betrekking op die fliëks van Jesus se lewe op aarde.

Die voorstanders van die fliëks oor Jesus Christus laat hulle egter nie so gou van die spoor af bring nie. Hulle argumenteer dat Jesus tog 'n mens is en Hy het nooit verbied dat mense – selfs ongelowiges – na Hom kyk nie. Dit is inderdaad waar. Verder argumenteer die voorstanders dat die mense van destyds nie werklik net deur na Jesus te gekyk het, sou weet dat Hy God is nie. Dit mag

ook so wees. Daar was immers baie Jode wat Hom net as die seun van Josef, die skrynwerker, beskou het. Maar hulle wou nie erken dat Hy meer as net 'n mens is nie. Hulle was so in hulle harte verhard dat hulle selfs nie eers ná die wonderwerke wou erken dat Hy God is nie. Selfs nie eers toe Hy verhoor is en Hy erken het dat Hy die Seun van God is, wou hulle dit glo nie. Inteendeel, hulle het Hom juis oor daardie erkentenis van Godslastering beskuldig en gekruisig.

Maar nou vra 'n mens jousef af: Wat word nou in werklikheid in die fliëk afgebeeld? In die eerste plek die vervaardiger van die fliëk se eie subjektiewe voorstelling en fantasie van hoe Jesus gelyk het. Niemand wat vandag leef, het Jesus Christus al ooit gesien nie. Dus weet niemand hoe Hy lyk nie. Daarom kan 'n afbeelding van Jesus inderdaad heeltemal anders wees as hoe Jesus werklik lyk. Dit beteken dat so 'n afbeelding in werklikheid 'n leuen is. Trouens, nie eers uit die Nuwe Testament kan ons aflei hoe Jesus se voorkoms is nie. Ons weet dat Jesus min of meer 33 jaar oud was toe Hy gekruisig is. Maar as die Jode met Hom argumenteer, sê hulle dat Hy nie eens vyftig jaar oud is nie. Hoekom die Jode van vyftig jaar praat, weet ons nie regtig nie. Dit mag wees dat Jesus ouer gelyk het as wat Hy regtig was.

In die tweede plek word slegs die mensheid van Jesus in die fliëk afgebeeld. Om die menslike natuur van Christus af te beeld is, mag nog maklik wees, want Jesus is 'n ware mens. Maar Hy is nie net 'n ware mens nie. Hy is ware mens en ware God tegelyk. En sy Goddelike natuur kan nie afgebeeld nie word nie. Dit het ons reeds gesê. As net die menslike natuur van Christus in die fliëk afgebeeld word, word daar een van twee dinge gedoen. Óf Jesus word eensydig uitgebeeld, naamlik net as mens en nie ook as God nie. Dan word 'n leuen verkondig, want Jesus is nie net 'n mens nie. Óf die Godheid van Jesus Christus word misken, en dit kom neer op laster en verloëning van Jesus Christus.

Ons mag nie die twee nature van Christus skei nie. Christus se twee nature was en is nog nooit van mekaar geskei nie. Sedert Maria swanger geword het met Jesus, was sy Goddelike en menslike nature met mekaar verenig. Selfs nie eers in die dood of in die graf was sy Godheid van sy mensheid geskei nie. Nou vra 'n mens: Hoe kan die mens nou so vermetel wil wees om dit in 'n fliëk te wil doen en dan nog die voorneme hê om so 'n fliëk te gebruik vir evangelisasie? Geliefdes, dit kom op niks anders neer as 'n blatante lastering nie.

En in die derde plek word Christus in elke fliëk wat gemaak is en gemaak word net in sy vernedering afgebeeld. En in 'n fliëk soos *the Passion of the Christ* wil die vervaardiger die uiterste lyding en vernedering van ons Here aan die kruis afbeeld. Maar ons Here Jesus verkeer tans nie in 'n staat van vernedering nie. Sy kruisiging is verby. Hy het een maal vir die sonde gesterf en leef nou tot in ewigheid vir God. Hy het die dood geheel en al oorwin, want Hy het opgestaan en sit aan die regterhand van God. Tans is Christus in 'n staat van verheerliking. En hoe die verheerlikte liggaam van ons Here Jesus lyk, weet ons nie. Paulus self kan dit net in beedspraak beskryf, maar dit sê nog nie hoe dit lyk nie. Al wat ons wel weet van die verheerlikte liggaam van ons Here Jesus is dat selfs die Emmausgangers en Maria Hom na sy opstanding nie dadelik herken het nie. Daarom sal enige afbeelding van Jesus steeds net 'n eensydige en skewe beeld van Jesus Christus wees, want hulle beeld sy vernedering af. Die vraag is: Is so 'n afbeelding nie 'n nuwe vernedering van Christus nie? En wie is die mens dat hy durf om ons Verlosser en Here te verneder?

Geliefde broer, suster en kind, op grond van dit wat die Here self sê en op grond van dit wat ons van Christus glo en bely, kan ons net tot een slotsom kom: Jesus Christus kan nie en mag nie afgebeeld word nie. Hy is God en Hy is 'n jalouse God wat Hom sal laat geld as sy liefde vertrap word. Laat ons alleen vashou aan die suiwere Woord van die Here wat genoegsaam is om ons van ons sondes te oortuig en tot die waarheid van Christus te lei.

Amen!

## Slotgebed

### Skrifberyming 12-2:1, 2, 3 (27:1, 2, 3)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,  
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.  
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:  
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.
- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –  
en gebore is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.  
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnis het gevel –  
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;  
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.  
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,  
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
30 Oktober 2011